# BELASTINGSEISOEN 2020 VIR INDIVIDUE

Ter ondersteuning van die president se roep op die COVID-19-pandemie, dat sosiale distansiëring te alle tye waargeneem word en dat ons sover moontlik binneshuis moet bly en beweging tot 'n minimum beperk, reageer SARS deur spoedig pogings op te skerp om die belastingopgawe-indieningsvereistes vir individuele belastingpligtiges te vereenvoudig en die behoefte om na ons takke te reis in 2020, te verwyder. Waar ons reeds die vereiste inligting het, sal ons jou voorsien van 'n voorgestelde aanslag sonder die vereiste om 'n belastingopgawe in te dien. Dit stel jou in staat om jou voorgestelde aanslag te besigtig, te aanvaar of aan te pas in die gemak van jou tuiste of werksplek deur die gebruik van eFiling of die SARS MobiApp.

**Individuele inkomstebelastingopgawe indieningsdatums**

- 1 September tot 16 November 2020: Belastingpligtiges wat aanlyn indien
- 1 September tot 22 Oktober 2020: Belastingpligtiges wat nie elektronies kan indien nie, kan by 'n SARS-tak met afspraak indien
- 1 September 2020 tot 31 Januarie 2021: Voorlopige belastingpligtiges wat elektronies indien.

**Opening van individuele indiening**

Belastingpligtiges, jou beurt om jou belastingopgawe in te dien, begin op 1 September vanjaar. Die goeie nuus is dat 'n noemenswaardige aantal individuele belastingpligtiges outomaties aangeslaan sal word in Augustus vanjaar. Indien jy jou outomatiese aanslag aanvaar, sal enige onder- of oorbetaling van belasting soos normaal geprosesseer word. Indien jy jou opgawe wil aanpas, kan jy jou opgawe vanaf 1 September op eFiling indien.

**Dit is nie nodig om te skakel nie**

Belastingpligtiges, jou belastingsake is in beter hande wanneer jy van eFiling of die SARS MobiApp gebruik maak. Registreer jou profiel nou om 'n egalige indieningondervinding te verseker. Dit is nie nodig om ons te skakel nie, jy kan aanlyn registreer of die MobiApp aflaai op jou foon of tablet.

**Ons sal die indiening vir jou doen**

Belastingpligtiges, jou belasting maak saak en ons maak dit voortdurend makliker vir jou om nakomend te wees. Ons sal 'n noemenswaardige aantal belastingpligtiges outomaties aanslaan in Augustus. Indien jy die uitslag aanvaar, hoef jy glad nie 'n opgawe in te dien nie. Ons slaan dit outomaties aan gebaseer op inligting wat ons ontvang van werkgewers, finansiële instansies, mediese skemas, uittree-annuïteitfondsadministrateurs en ander derde party data verskaffers. Indien jy nog nie jou IRP5/IT3(a)'s en ander belastingsertifikate, soos mediese sertifikaat, uittree-annuïteitfondssertifikaat en ander derde party data wat toepaslik is in die bepaling van jou belastingverpligtinge, ontvang het nie, moet jy dadelik jou werkgewer of mediese skema of uittree-annuïteitfonds of ander derde party data verskaffers nader om seker te maak dat hulle voldoen het aan hulle indieningsvereistes.

**Volg ons op sosiale media vir daaglikse belastingwenke,** of hou 'n oog op hierdie webblad vir al die inligting.